CURRICULUM VITAE : MARINUS WIECHERS

Marinus Wiechers is in Pretoria gebore en getoë, waar hy in 1954 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool martrikuleer. Hy skryf by die Universiteit van Pretoria in en behaal onderskeidelik die grade BA Regte in 1957 en LLB in 1959. In 1960 word hy as lektor in die regsfakulteit van die Universiteit van Suid-Afrika aangestel, en 'n jaar later tot senior lektor bevorder. Van Augustus 1962 tot Augustus 1963 doen hy navorsing aan die Sorbonne in Parys met die oog op 'n doktorsgraad wat in 1965 deur die Universiteit van Pretoria aan hom toegeken word op grond van 'n proefskrif getiteld *Die sistematiek van die administratiefreg*. Die jaar daarop word hy aangestel as professor in die Departement Staats- en Volkereg van Unisa, waar hy verskeie termyne as departementshoof dien.

Hy is aktief betrokke by universiteitsgemeenskap as assistent van die rektor in 1970; lid van die uitvoerende komitee van die senaat; die dosentevereniging; die Instituut vir Buitelandse Reg en Regsvergelyking; die VerLoren van Themaatsentrum vir Publiekregtelike Studies; die universiteit se regshulpsentrums; en die kunsgalerykomitee. Hy word vir meer as tien jaar aangewys as senaatsverteenwoordiger in die Universiteitsraad, en is van 1994 tot die einde van 1997 vise-kanselier en rektor van Unisa.

Gedurende sy akademiese loopbaan doen hy navorsing in die VSA, Duitsland, Frankryk en Spanje met behulp van verskillende beurse en toekennings, onder andere van die Carnegie Corporation, die Alexander von Humboldt-Stiftung en die Franse Ministerie van Onderwys. Hy word ook verskeie kere deur buitelandse regerings en instansies uitgenooi en woon gereeld konferensies en seminare by. Benewens naastenby 100 artikels in Suid-Afrikaanse en oorsese vakwetenskaplike tydskrifte en bundels publiseer hy drie boeke: *Administratiefreg* (1973, tweede uitgawe in 1984 met 'n Engelse vertaling in 1985); *VerLoren van Themaat Staatsreg* (tweede uitgawe in 1967, gevolg deur 'n derde uitgawe in 1981), en in 1988 *'n Politieke idiotikon vir Suid-Afrika*, wat later in Engels verskyn as *South African political terms – a guide*. Hy lewer deur die jare gereeld oor die radio en televisie kommentaar op aktuele politieke, staatkundige en regskwessies. Voor sy rektorskap is hy van tyd tot tyd gasdosent en gereeld eksterne eskaminator aan Suid-Afrikaanse en oorsese universiteite. Teen die middel 90's het hy reeds meer as 30 studente suksesvol tot meesters- en doktorsgrade begelei – 'n merkwaardige prestasie vir die era.

Van vroeg af in sy loopbaan is Marinus Wiechers deurentyds betrokke by professionele en maatskaplike bedrywighede waar sy kennis en vaardigheid benut word. In 1970-1 is hy een van die Suid-Afrikaanse regering se regsverteenwoordigers in die Suidwes-Afrika-sake voor die Wêreldhof; in 1974-5 is hy regsadviseur van die Erika Theron-kommissie oor kleurlingsake; van 1975 tot 1978 dien hy as raadgewer van die Damaras en Tswanas by die Turnhalle Staatkundige Beraad in Windhoek, en daarna as adviseur van die Demokratiese Turnhalle Alliansie. In die laat-70's stel hy die grondwette van die destydse Bophuthatswana en Ciskei op; in 1980 is hy voorsitter van die staatkundige komitee van die Buthelezi-kommissie oor die vereistes vir stabiliteit en ontwikkeling in KwaZulu en Natal; en in die vroeë 80's voorsitter van die Bophuthatswana-kommissie van

ondersoek na plaaslike owerhede. Tussen 1983 en 1985 is hy voorsitter van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se konstitusionele werkkomitee vir die ondersoek na tussengroepverhoudings, en 'n lid van dié ondersoek se hoofkomitee. Van 1984 tot 1987 is hy regsadviseur van die Nasionale Vervoerbeleidstudie en van die SA Gefedereerde Kamer van Nywerhede. In 1986 is hy lid van die KwaZulu Natal Indaba se konstitusionele komitee. Einde 1989 tot Maart 1990 is hy een van drie Suid-Afrikaanse adviseurs wat help met die opstel van die Namibiese Grondwet en in 1993 is hy lid van die Konstitusionele Tegniese Komitee tydens die Kemptonparkse Veelparty-onderhandelinge wat lei tot die aanname van die 1993-Grondwet.

Hy is deur die jare lid van verskeie professionele en ander verenigings, onder andere die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Simon van der Stel-stigting, Regslui vir Menseregte en die Pretoriase Kunsvereniging. Hy speel vir vele jare 'n leidende rol in die Pretoriase en Noord-Transvaalse Geestesgesondheidsvereniging, en die SA Nasionale Raad vir Geestesgesondheid.

Na sy aftrede in 1998 word Marinus Wiechers voltydse kunstenaar en hou 'n aantal geslaagde uitstallings. Hy beywer hom aktief vir die handhawing en bevordering van Afrikaans en hou vol met sy rol as deelnemer aan die openbare debat. Hy word verder met reelmaat uitgenooi om as assessor in die Grondeisehof te dien en skryf van tyd tot tyd regsmenings.

Marinus Wiechers: Lys van vernaamste gepubliseerde werke

1 'Die Republiek van Suid-Afrika' 1961 Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg (THRHR) 163

2 'Die bronne van die administratiefreg' 1966 THRHR 103

3 'Die kwasie-judisiële handeling' 1966 THRHR 201

4 'Die Suidwes-Afrika-saak' 1966 THRHR 297

5 'Die legaliteitsbeginsel in die administratiefreg' 1967 THRHR 309

6 'South West Africa. The decision of 16th July 1966 and its aftermath' 1969 *Comparative and International Law Journal of South Africa* (CILSA) 408

7 *VerLoren van Themaat Staatsreg* 2e uitg (1967), 3e uitg (1981), Butterworths, Durban

8 'Constitution de la République d'Afrique du Sud' (1969) in *Corpus Constitutionnel*, Tome I, EJ Brill, Leiden, 67

9 *Administratiefreg* (1973) en 2e uitg (1984), Butterworths, Durban (Engelse weergawe Administrative law (1985))

10 'South West Africa: the background, content and significance of the opinion of the World Court of 21 June 1971' 1975 CILSA 123

11 'Grondslae vir politieke ontwikkeling in Suid-Afrika' (1976) in JA Coetzee (red) *Gedenkbundel HL Swanepoel*, Butterworths, Durban, 102

12 'Administrative law' (1976) in WA Joubert (red) *The Law of South Africa*, vol 1, Butterworths, Durban, 29

13 'Possible structural divisions of power in South Africa' (1978) in John A Benyon (red) *Constitutional change in South Africa*, University of Natal Press, 107

14 'Citizenship and intergroup accommodation in plural societies' (1978) in Nic Rhoodie (red) *Intergroup accommodation in plural societies*, Universiteit van Pretoria, 430

15 'Die südafrikanische Verfassung und Verfassungsgerichtsbarkeit in rechtvergleichender Sicht' (1979) in *Neue Entwicklungen im öffentlichen Recht*, Verlag W Kohlhammer, Stuttgart, 187

16 'The franchise and alternative electoral systems' (1981) in LJ Boulle and LG Baxter (reds) *Natal and KwaZulu: constitutional and political options*, Juta, Kaapstad, 182

17 'The constitutional law implications of the Buthelezi Commission Report' 1982 CILSA 257

18 'The fundamental laws behind our constitution: reflections on the judgment of Schreiner JA in the Senate Case' (1983) in Ellison Kahn (red) *Fiat iustitia – essays in memory of Oliver Deneys Schreiner*, Juta, Kaapstad, 383

19 'Der mühevolle Weg in die internationale Gemeinschaft' (1984) in *1884-1984 Vom Schutzgebiet bis Namibia*, Windhoek, 125

20 *Politieke samewerking binne 'n fundamentele regsorde* (1985) RGN ondersoek na tussengroepverhoudings, Pretoria

21 'Die juridiese profiel van apartheid' (1986) in J Kinghorn (red) *Die NG Kerk en apartheid*, MacMillan, Johannesburg, 7

22 'Ring out the old, ring in the new' 1987 SA *Journal on Human Rights* 90

23 'Code of constitutional conduct' (1987) in *The KwaZulu/Natal debates*, Indicator Project, Centre for Applied Social Sciences, Universiteit van Natal, 25

24 'Die publieke subjektiewe reg' (1988) in SA Strauss (red) *Huldigingsbundel WA Joubert*, Butterworths, Durban, 270

25 'Herdemokratisering' (1988) in AM Faure, DJ Kriek en andere (reds) *Suid-Afrika en die demokrasie*, Owen Burgess Publishers, Durban, 203

26 *'n Politieke idiotikon vir Suid-Afrika* (1988), Tafelberg, Kaapstad (Engelse weergawe South African political terms (1989))

27 "n Monument in ons regsontwikkeling: die verslag van die Regkommissie oor mense- en groepsregte' 1989 THRHR 311

28 'The Law Commission's Bill of Rights: a new dawn for human rights in South Africa?' 1989 *South Africa International* 24

29 'A constitution for South Africa' (1989) in Pierre Hugo (red) *SA Perspectives – essays in honour of Nic Olivier*, Die Suid-Afrikaan Uitgewers, Kaapstad, 158

30 'Namibia: the 1982 Constitutional Principles and their legal significance' 1989/90 *SA Jaarboek vir Volkereg* 1

31 'A constitutional court for South Africa' (1991) in DJ van Vuuren en andere (reds) *South Africa in the nineties*, RGN Uitgewers, Pretoria

32 'Administrative law and the benefactor state' 1993 *Acta Juridica* 248

33 'National reconciliation through legitimate state institutions' (1994) in Nic Rhoodie & Ian Liebenberg (reds) *Democratic nation-building in South Africa*, RGN Uitgewers, Pretoria, 455

34 'L'appartenance ethnique et la loi' (1995) in D Darbon (red) *Ethnicité et nation en Afrique du Sud. Imageries identitaires et enjeux sociaux*, Karthala, Parys, 211

35 'Oorsig: polities-teoretiese uitdagings by staatsvorming in Suid-Afrika' (1996) (saam met Francois Bredenkamp) in Marinus Wiechers en Francois Bredenkamp (reds) *Die staat: teorie & praktyk*, JL van Schaik Uitgewers, Pretoria, 1

36 '"Zeige mir dein Staatsrecht, und ich sage Dir, welchen Staat Du hast" – eine Betrachtung des südafrikanischen Staates, gemessen and Ansichten und Gedanken von Klaus Stern' (1997) in Joachim Burmeister (red) *Verfassungstaatlichkeit – Festschrift für Klaus Stern zum 65. Geburtstag*, Verlag CH Beck, München, 377

37 'Legal structures for development and democracy in unequal societies. South Africa and Brazil' 1997 (nr 2) *Unisa Latin America Report* 17

38 'Current judicial trends pertaining to devolution and assignment of powers to local government' (with Simla Budhu) 2003 *SA Publiekreg* 468

39 '*Quo vadis* geregtelike hersiening van administratiewe handelinge?' 2005 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 469

40 'Die Suid-Afrikaanse presidentsamp – 'n konstitusionele turksvy' 2008 *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg* 536

41 'Guardian of the Constitution – constitutional review and the South African Constitutional Court' 2010 *SA Publiekreg* 136

42 'The Namibian Constitution: reconciling legality and legitimacy' (2010) in Anton Bösl, Nico Horn en André du Pisani (reds) *Constitutional democracy in Namibia. A critical analysis after two decades* Macmillan Education Namibia, Windhoek, 45

43 'Namibia's long walk to freedom. The role of constitution making in the creation of an idependent Namibia' (2010) in Laurel E Miller (red) *Framing the state in times of transition. Case studies in constitution making*, United States Institute of Peace Press, Washington DC, 81

44 'The South West Africa cases' 2010 *SA Journal on Human Rights* 320

45 'Hertzog en Mandela: die lang pad na vryheid' (2014) Genl JBM Hertzoggedenklesing XLIII, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, Pretoria

46 'What makes the South African Constitution alive?' (2015) in J de Ville (red) *Memory and meaning: Lourens du Plessis and the haunting of justice,* LexisNexis, Durban, 257

- Benewens die werke hierbo genoem, het daar vele boekbesprekings en korter bydraes in vakwetenskaplike tydskrifte onder Marinus Wiechers se naam verskyn. Hy het die afgelope jare ook 'n aantal elektroniese kommentare – meesal op LitNet – geskryf.